# 8 Mei 2023 - Lesing 17 - Wenke van Abba Vader vir die Eindtyd

***Bertha Dudde deur die Innerlike Woord***

Selfmoord - Onverganklike wesens – 16/4/57

**NO: 6807** Julle bly altyd en ewig bestaan, want wat uit My voortgekom het, kan ewig nie meer vergaan nie.

En daarom kan en sal Ek ook nie die vernietig wat hulleself teen My verset nie, alhoewel dit wel vir My mag moontlik is. Inteendeel, Ek sal steeds probeer om hulle weer terug te wen, die wat hulleself wil verset en hulle van My wegkeer.

Want My liefde vir al My geskapenes verhinder 'n totale vernietiging, om welke rede ook My teenstander, - die eersgeskape en eersgevalle gees, nooit 'n vernietiging hoef te vrees nie, omdat ook hy tot diegene behoort wat weer moet terugkeer na hul vaderhuis. Ek kan wel sy handelinge afkeur. Ek kan sy wese, as geheel teen My ewige ordening gerig, brandmerk en julle mense teen hom waarsku.

Ek kan alles doen om julle teen sy invloed te beskerm, maar Ek onttrek ook nie My liefde van hom nie, maar My liefdestraal tref hom net nie. D.w.s.: Sy verloor Haar doeltreffendheid, omdat My teenstander homself verset teen die straal van My Liefde.

Maar ook hy kan nie vir ewig in sy weerstand volhard nie, ook hy sal eendag na My terugkeer en 'n lewe in hoogste geluksaligheid lei, ofskoon daar nog ewighede sal verbygaan tot by die verandering van sy wil om terug te keer na My.

Maar hy kan nie vergaan nie.

Al My geskapenes bly ewig bestaan. Daarom is dit vir My ook onbelangrik hoe lank die afgevallenes van My in hul verset volhard. Want Ek is van ewigheid tot ewigheid. Vir My bestaan daar geen tyd nie en duisend jaar is vir My soos een dag.

Maar vir die wese is dit belangrik watter tydperke hy in 'n algeheel onsalige toestand sal deurbring. 'n Toestand waarin daar nie van lewe en geluksaligheid gepraat kan word nie.

En julle mense sou ontsteld wees, as julle terugblikkend julle ontwikkelingsgang tot dusvêr sou kon oorsien en die eindelose tyd hiervan in sy volle omvang besef. Want julle het nie uit niks voortgekom nie, nóg sink julle met julle liggaamlike dood weer weg in niks.

Julle bly bestaan. Slegs in baie groot weerstand sal julle jul selfbewussyn kan verloor. En dan sal julle weer 'n eindeloos lange weg moet aflê in duisternis en kwelling.

En keer julle uiteindelik weer terug in die selfbewussyn in, dan sal julle in hierdie toestand ook nog kan faal en as selfbewuste wesens in die hiernamaals nog ewighede moet worstel, totdat die ligryk julle opneem en julle nou opwaarts kan klim. Maar julle vergaan nie.

**En daarom sal julle ook nie as mens julle bestaan kan uitwis nie**, wanneer julle ook julle liggaamlike omhulsel self onbruikbaar maak vir 'n verdere gang oor die aarde nie, indien julle glo dat julle julself van die lewe kan beroof.

Want julle eintlike ek bly bestaan, omdat die geestelike wat eens uit My voortgekom het, nie kan vergaan nie. En so gryp julle slegs in My proses van ontwikkeling in, wat julle vryheid moes bring uit 'n toestand sonder lewe en geluksaligheid.

**Julle tree op teen My wil. Julle handel eiemagtig en verkeerd**. Julle beroof julself van die geleenthede wat in My heilsplan vir julle geskape is.

Julle hou in 'n sekere sin die gang van julle ontwikkeling teë en raak ook in die grootste gevaar om weer terug te sink in die diepte in, wanneer julle nie in die hiernamaals van gedagte verander en daar die moontlikhede nie benut wat My liefde julle bied nie.

**Dat julle altyd en ewig bly bestaan, daaroor moet julle ernstig nadink**. En daarom moet julle ook nie ligtelik omgaan met julle aardse lewe, wat julle eendag sal herken as 'n ongelooflike geskenk van genade, omdat dit julle die besliste vryheid kan bring. **Maar die geloof aan 'n voortbestaan ontbreek gewoonlik by die mense.** En daarom gaan hulle onverantwoordelik deur die lewe op aarde. En hulle benut nie die groot genade geskenk nie.

En My teenstander wat homself die vêrste van My verwyder het, versterk hulle in hul ongeloof, om te verhinder dat die geestelike wesens wat hy self in die diepte getrek het, die lewe in geluksaligheid bereik. Maar daarom sal ook vir hom tyd tot ewigheid word, wat hy ver van My af sal deurbring. En al waan hy hom ook sterk en magtig - die tyd sal kom waarin hy swak en hulpeloos op die grond sal lê, waarin hy vir homself sal wens vir sy einde en tog nie sal kan vergaan nie.

En eers dan sal hy die bestraling van My Liefde begeer en Haar ook ontvang. Dan eers sal hy ontwaak tot lewe en terugkeer na sy vaderhuis. Amein.

***Groot Johannes Evangelie Boek 4 (Jakob Lorber)***

Verskillende soorte van selfmoord

Hoofstuk 152 (**Die Meester JaHshua:)** "Ook by selfmoordenaars vind jy verskille. Iemand wat sy eie lewe neem omdat iemand anders sy groot hoogmoed te veel verneder het, en hy nie kans sien om hom te wreek nie, maak hom skuldig aan `n erge soort van opsetlike selfmoord. `n Dergelike motief van selfmoord kan aan `n siel nooit volledig goedgemaak word nie. Duisendmaal duisende jare is nodig om so `n siel so ver te bring dat sy ten minste `n vel oor haar dorre, van alle liefde ontblote, skynbare beendere het, om nie eers te praat oor die beliggaming van haar hele wese nie; want die beliggaming is juis `n produk van die liefde en wek ook weer liefde op.

[2] As iemand na `n jong vrou kyk wat liggaamlik volmaakte, weelderige vorms het, word hy dadelik

deur en deur aangegryp deur so `n gestalte, en sy hart sal direk `n van liefde gloeiende verlange koester om hierdie jong vrou syne te kan noem. Hoe gebeur dit? Omdat die liggaamlike aantreklikheid van die jong vrou suiwer `n produk is van baie liefde, en materie wat gebaseer is op liefde, kan en moet in die medemens dít opwek wat dit self ook is.

[3] Kyk ons egter na `n jong vrou wat ontsettend maer is, dan sê Ek vir julle dat sy niemand se hart op hol sal laat gaan nie; heimlik sal mens medelye met haar hê, maar iemand sal nie gou op haar verlief raak nie. Wat is dan weer die rede daarvoor? Omdat haar beendere met te min van daardie materiaal omhul is wat `n produk van die liefde is!

[4] `n Siel wat hier al heeltemal liefde is, sien in die hiernamaals dadelik baie aantreklik, weelderig en dus volgens die vorm heeltemal volmaak daar uit. `n Gierige en egoïstiese siel sien daar baie maer uit, maar het nog altyd wel bietjie vleis en bloed, omdat so `n siel tog in elk geval eieliefde het. Maar selfs dié liefde het `n selfmoordenaar nie, en daarom het sy siel in die hiernamaals noodgedwonge die uiterlike van `n dorre geraamte. En dan hang dit daar nog maar van af of dit `n menslike of `n dierlike geraamte is!